My Heer, Ons Wil Jesus Graag Sien

. . . die mense bekendstel aan wat ons probeer doen. Nou wat ons probeer doen, onthou, is om Jesus Christus so teenwoordig te sien dat elke gelowige se hart gestimuleer sal word, sy geloof, dat hy sal opreik en ’n houvas kry op God, en waaraan hy behoefte het. Want alles waaraan ons behoefte het, in hierdie lewensreis, is in Christus.

2 Net soos julle bome hierbuite. Alles wat daardie boom nodig het. . . Dis ’n appelboom. Het julle ooit daaraan gedink? Wanneer dit nie een duim hoog is nie, is elke appel net daarbinne wat ooit in die boom sal wees. Tienhonderd boesels, as daar soveel is; sê vyfhonderd boesels appels, kom van ’n boom af; al vyfhonderd boesels appels was daarin toe dit geplant is. As dit nie is nie, waar het hulle vandaan gekom? Sien? Sien? Jy plant dit net en dan moet dit—moet dit water intrek, dit intrek uit die aarde. En dit moet trek totdat dit soveel meer as sy deel kry, dan stoot dit takke uit, stoot blare uit, stoot bloeisels uit, stoot appels uit. Sien? Stoot hulle uit; bring hulle nie in nie. Dit stoot hulle uit.

3 So, dan, ek dink Christus is die onuitputlike Fontein van die Lewe. En wanneer ons geplant is in Hom, is al wat ons doen, drink van daardie Fontein van die Lewe, en alles uitstoot wat ons nodig het in hierdie reis. Al die dinge wat ons nodig het, is in Hom. En ons is in Hom geplant, en trek uit Hom, en Hy is die onuitputlike Fontein van die Lewe.

4 Laat ons nou op ons voete staan, as julle sal, net ’n oomblik, in eerbied, soos ons God se Woord lees.

5 Vir ons teksie vanaand, omdat dit so naby aan die Vasseisoen is, of die Goeie Vrydag, wil ek ’n gedeelte lees van die Johannes se Evangelie, vanaf die 12de vers en die 12de hoofstuk.

> *Die volgende dag het ’n groot menigte feesgangers, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom*
>
> *palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep . . . geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel.*
>
> *En Jesus het ’n jong esel gevind en daarop gaan sit, soos geskrywe is:*
>
> *Moenie vrees nie,* dogters *van Sion! Kyk, jou Koning kom* na jou *en Hy sit op die—op die vul van ’n esel.*

Dit het Sy dissipels egter eers nie verstaan nie; maar nadat Jesus verheerlik is . . . het dit hulle bygeval hoe dinge van Hom geskrywe was, en dat hulle dit aan Hom gedoen het.

En die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf geroep het . . . uit die dode opgewek het, het daarna van getuig.

Daarom het die skare Hom ook tegemoet gegaan, . . . hulle gehoor het dat Hy hierdie teken gedoen het.

En die Fariseërs het vir mekaar gesê: Sien julle dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan.

En daar was sommige Grieke onder dié wat opgekom het om op die fees te aanbid;

en hulle het na Filippus gegaan wat van Betsaida . . . Galiléa was, . . . hom gevra en gesê: My heer, ons wil Jesus graag sien.

Filippus kom en sê dit vir Andreas, en Andreas en Filippus vertel dit weer aan Jesus.

6 Hebreërs 13:8 sê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

7 Laat ons ons hoofde buig terwyl ons bid. Nou, hierdie plegtige oomblik, met ons hoofde gebuig, na die lees van hierdie Woord, is daar enige hierbinne wat onthou wil word in hierdie gebed, en wil hê God moet iets vir jou doen gedurende die tyd van hierdie diens, of selfs vanaand? Sal jy dit net bekend maak, terwyl jy jou hand opsteek? Hy sal weet wat onder jou hand is.

8 Ons Hemelse Vader, ons nader nou U Woord. Ons nader met eerbied en met gebed, met geboë hoofde en geboë harte, want ons weet dat U altyd getrou is aan hierdie Woord. Ons bid nou dat U ons sal afskei van die dinge en sorge van die lewe in hierdie wêreld, dat ons U mag dien met rein en skoon harte, gewas in die Bloed van die Lam.

9 Ons vra U, Here, is hierdie die uur dat daar 'n groot herlewing kan uitbreek in hierdie deel van die land? As dit is, Here, ons is hier om U te dien op enige manier wat ons kan, en ons vertrou net onsself toe aan U, vir daardie diens. En mag iets gebeur, Here, wat die harte van die mense roer. En daar mag wees dat die diens net gehou word vir 'n paar wat nog hierbuite rond verstrooi is, dat miskien dit die laaste lid van die liggaam van Christus mag wees wat net hier bygevoeg sal word in Louisiana, en dan sal die—die deure gesluit word. Ons weet nie net wat nie, Here, ons beweeg net versigtig, hou elke beweging dop.

10 En ons bid, Hemelse Vader, dat U al die siekes en beproefdes sal genees. Soos ek kyk, wat hier lê, 'n arme klein, beproefde kind, en mense wat rondlê, siek en behoeftig. God, mag hulle wegkyk van hulle beproewinge vanaand, en deur hierdie komende week, en mag daar nie 'n swak persoon onder ons wees by die afsluiting van hierdie diens nie.

11 Seën die predikers, Here, en hulle goeie samewerking, en die dinge wat hulle doen, om bymekaar te kom. Mag die mense besef dat hierdie die—die hart van hulle—hulle pastoor is, om alles te probeer inbring, en elke gawe, en alles wat hulle kan, wat geëer is deur God, dat dit hulle gemeente mag help om te sien en te glo, en te groei. Skenk dit, Vader.

12 Vergewe ons ons oortredinge. Skenk elke versoek onder daardie hande, vanaand. Here, myne op, U ken my hart, dis—dis gebed, vir die mense. Mag Jesus bekend word onder ons, Vader. Stuur ons 'n groot uitstorting van Sy seëninge.

13 En wanneer ons hier vertrek, vanaand, mag ons in staat wees om te sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het, daardie dag na die opstanding, soos ons die heilige seisoene binnegaan. "Was ons harte nie brandende in ons," het hulle gesê: "soos Hy met ons langs die pad gepraat het nie?" Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Julle mag maar sit.

14 Nie om te—om te preek of om baie van die tyd te neem nie, maar net om in orde te plaas net 'n paar klein gedagtetjies hier nou voor ons die gebedsry roep. Binne omtrent vyf-en-twintig minute, reken ek, sal ek die—die gebedsry roep, om te bid vir die siekes. En nou, elke aand, sal Mnr. Borders en hulle vir julle probeer verduidelik hoe, en hoe om 'n genesing te hou, ensovoorts.

15 En, onthou, ons is nie net hier om Goddelike genesing te verteenwoordig nie. Ons is hier om Jesus Christus te verteenwoordig, en in Hom is genesing. En elke eienskap van God is in Hom. En ons . . . Hy het ons verlossing gekoop, ons genesing, en alles wat ons het. En genesing is 'n bysaak, en jy kan nooit van 'n bysaak 'n hoofsaak maak nie. Ons weet dit. So ons is . . . Maar ons probeer . . . Jesus het omtrent ses-en-tagtig persent van Sy bediening gebruik, was oor Goddelike genesing, dat Hy die aandag van die mense kon trek, toe verduidelik wat Sy doel daar was. En, dis dieselfde ding, ons probeer Sy bediening voortsit op die beste manier wat ons weet hoe, in die geloof dat Hy steeds dieselfde bly gister, vandag, en vir altyd.

16 Nou, ons weet dat: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Daarom, is God en Sy Woord dieselfde ding. Dis God in drukvorm. Jy's niks meer as jou woord nie. God is niks meer as Sy Woord nie.

17 So hierdie groot fees wat ons nou hier benader, in hierdie seisoen, hierdie Vastyd, soos ons dit noem, en Goeie Vrydag benader, en—en dan Paassondag, 'n week na Paassondag, glo ek. So ons benader dit. Ek het gedink ek sal hierdie Skrif lees, dat hierdie Grieke met die honger harte opgekom het om by die fees van die Pase te wees. En min het hulle geweet dit was die Paaslam, moes Christus wees.

18 Maar hulle harte was honger. Hulle wou Hom sien. Hulle het soveel van Hom gehoor, en daardie groot dinge geken wat hulle gehoor het Hy gedoen het. En so sonder twyfel, aan die kom na daardie fees, moes hulle baie in die Skrif gelees het van wat Hy was, en Sy—Sy natuur, en wat Hy sou doen wanneer Hy kom. So hulle wou sien.

19 Hulle kom na die dissipels, en hulle is die voorreg gegee om Hom te sien, deur die—die welwillendheid en bediening van Sy dissipels. Hulle is in Sy Teenwoordigheid ingebring deur Sy dienaars.

20 En nou as Hebreërs 13:8 sê, dat: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd," en ek is seker dat hier by—by . . . in Baton Rouge, dat ons net so honger is om Jesus te sien, as wat hulle toe was om Hom te sien. Ek . . . Elke mens wat by sy regte verstand is, en van die Here Jesus hoor, hy wil Hom graag sien.

21 O, toe ek die eerste keer van Hom gehoor het, toe ek 'n seun was, kon ek—ek—ek dit net skaars verduur. Ek het gedink: "As Hy God is, was Hy—Hy altyd God, sal Hy—Hy altyd God wees."

22 So dit ver probeer plaas in 'n groot tyd in die verlede, of—of 'n groot tyd wat kom, dis net die natuur van die mens. Die mens probeer altyd God prys vir wat Hy gedoen het, aan die uitsien wat Hy gaan doen, en ignoreer wat Hy doen. Dis net die natuur van die mens. Dit was altyd so, en dit bly steeds so, vanaand.

23 Maar, nou, hierdie Grieke wou Hom sien, en ons wil Hom sien. Wel, nou, as Hy opgestaan het uit die dood, en nie . . . Hy is nie dood nie. Hy is lewendig. En as Hy lewendig is, soos die Skrif sê Hy is, waarom kan ons Hom dan nie sien nie? Ons het 'n reg om te vra om te. Onthou, Hy het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie. Tog, julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld. Die wêreld sal My nie meer sien nie, maar julle sal My sien." En nou as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, waarom kan ons Hom dan nie sien nie?

24 Nou as ek sou gaan na verskillende idees wat ons gehad het. En onthou dat, God nooit enigiets doen buiten wat Hy belowe het om te doen nie. Sien, Hy maak altyd die belofte, dan kom Hy om Dit te vervul.

25 God, aan die begin, wat die einde geken het van die beg-. . . begin af, want Hy was oneindig. Ons weet dit almal. Hy is alomteenwoordig, almagtig, en oneindig. Nou, as Hy oneindig is, dan het Hy alle dinge geweet, en nou . . . en alwetend.

26 So let op, dan, Hy het bepaal dat Sy Skrifte regdeur die eeue kom. En toe, toe hierdie eeu omgerol het, wel, ons probeer altyd om—om dinge uit te reken soos ons dink reg is, maar gewoonlik . . . As God 'n belofte gemaak het vir daardie eeu, Sy gebruiklike manier om enigiets te doen, en verander nooit om dit te doen nie.

27 Onthou, God verander nooit, verander nooit Sy weë nie. Want dis die rede waarom ons definitief ons geloof kan plaas in wat God gesê het die Waarheid is, die Bybel. Nou jy moet God iewers plaas.

28 Nou, as God die wêreld sou oordeel, en Hy gaan. As ons sou sê, as ek mag sê aan die Franse Katolieke, waarvolgens dink julle gaan Hy dit oordeel? "Die Franse Katolieke kerk." Die Roomse Katolieke glo Hy sal dit oordeel volgens daardie kerk. Die Ortodokse, Griekse Ortodokse Katolieke glo dat Hy dit daarvolgens sal oordeel. Die Metodis sou sê: "Ons kerk." Die Baptis: "Ons kerk." "Die Pinkster!" Sien, dit sou so verwarrend wees, totdat 'n persoon nie sou weet wat om te doen nie.

29 Maar Hy het gesê Hy sou die wêreld oordeel volgens Jesus Christus, en Jesus Christus is die Woord, so Hy sal die wêreld oordeel volgens die Woord. Nou, die Bybel is die hele openbaring van Jesus Christus. *Hierdie* is die openbaring. Niks moet Daarby gevoeg word of niks Daarvan weggeneem word nie. Dieselfde sal geneem word, ons deel, uit die Boek van die Lewe, as ons byvoeg of wegneem Daarvan. Dit is die Woord van God, en ons glo Dit.

30 Nou, elke geslag, wanneer die kerk Dit gewoonlik so deurmekaar kry en alles, totdat, wanneer die tyd aanbreek vir die Woord om vervul te word, kyk hulle terug na 'n ander geslag lank terug, wat gebeur het lank terug in 'n ander dag, en hulle sien nie wat gebeur het in daardie dag nie.

31 Nou aan julle Katolieke mense, hoe julle daardie heiliges gemis het. Wat van Jeanne D'Arc, 'n—'n Frans? Ek mag dit net ophaal, as gevolg van 'n Franse gebied. Julle onthou, die priester het haar op die brandstapel verbrand, as 'n heks. "Sy was 'n heks," omdat die meisie geestelik was. Sy het visioene gesien, ensovoorts, en julle het haar verbrand as 'n heks. Toe, later, toe julle julle fout gesien het, het julle die liggame van daardie priesters opgegrawe en hulle in die rivier gegooi, vir boetedoening. Maar, julle sien, dit was alreeds verby.

32 En dis hoe dit altyd is. Dit gaan by ons verby en ons sien dit nie.

33 Selfs vir die dissipels, het Jesus gesê, eenkeer gepraat met hulle. Hulle het gesê: "Waarom het die—die Skrifgeleerdes gesê dat Elía eers moet kom?"

34 Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het hom nie geken nie." En hulle het verstaan dit was Johannes die Doper. Selfs daardie dissipels, daardie stem in die woestyn, en Maleági 3 wat vervul is, wel, dit het reg by hulle verbygegaan. En hulle het dit nooit eens verstaan nie. Sien?

35 En dit is moontlik dat ons Dit regoor ons kan laat gaan, en Dit nie sien nie. God se weë is altyd . . .

36 Nou as dit in 'n hele stelsel sou kom, of 'n sekere organisasie, soos Protestant, Metodis, Baptis, Pinksters, of party van hulle denominasies dit sou voortbring, sou hulle dit glo. Wel, dan, sou die ander niks daarmee te doen hê nie.

37 So God deel nooit, in sulke tye, met enige organisasie nie. Hy het nooit. Hy deel altyd met 'n indiwidu, een persoon, jy, net daardie een persoon. Dis jy, tussen jou en God, nie tussen jou organisasie en God nie; tussen jou, as 'n indiwidu. God doen dit altyd so, het altyd.

38 En nou het die Bybel gesê: "Hy doen niks voor Hy dit openbaar aan Sy profete, Sy dienaars die profete nie." En altyd, baie soos in Elía se tyd, en Moses se tyd, en al daardie verskillende tye, sou Hy dit openbaar.

39 Nou daar staan geskryf in die Skrif dat 'n . . . God sou vir hulle 'n super teken gee, 'n groot teken, 'n ewige teken: "'n Maagd sou swanger word." En dan sou daar Een gebore word, 'n Kind, ons het Hom geken as die Messias. Al die Skrifte, die heelpad van Génesis af, op, het aangesluit by die koms van die Messias.

40 Die profete was deel van die Woord, Jesus het gesê hulle is 'gode' genoem. En hulle was, solank as wat die Woord van God na hulle gebring is. Hy het gesê: "Hoe kan julle My veroordeel as Ek sê Ek's die Seun van God? En—en julle, daardie . . . Dis geskryf in julle wet: 'Diegene na wie die Woord van God gekom het,' julle noem hulle: 'gode.'" Sien, die . . . Dit was nie die profete nie; dit was die Woord van God. En dis dieselfde ding nou. En dit was Jesus, dieselfde ding, die Woord van God wat gemanifesteer is. En dit is altyd die Lig van die uur.

41 Nou as ons rondgekyk het, vanaand, en ons sou teruggaan na party van hierdie groot kerke, heelpad af deur die eeu, en sê: "*Hierdie* is dit, *hierdie* is dit," as jy nie dophou nie, sal ons wandel in 'n glans in plaas van 'n Lig. Ons kyk na iets wat verby is, lank gelede, aan die terugkyk.

42 Enige man wat in die pad ry, deur die spieël kyk, sal 'n ongeluk maak. Dis reg. Dis reg. Jy neem soos party van ons susters, vyftig jaar oud, probeer sestien lyk. Sien, julle kyk terug.

43 Kyk vooruit! Kyk waarnatoe julle gaan. Kyk waarnatoe julle gaan, nie waar julle vandaan gekom het nie. Paulus het gesê: "Vergeet die dinge wat agter is, en jaag na die doel van die hoë roeping in Christus." Jy moet altyd kyk waarnatoe jy gaan, nie waar jy was nie.

44 As jy die truspieël dophou, sal jy gou 'n ongeluk maak. Dit was die probleem. Dis waarom Luther 'n ongeluk gemaak het toe Wesley se lig gekom het. Dis die rede waarom Wesley 'n ongeluk gemaak het—ongeluk gemaak het toe die Pinksters gekom het. En as ons nie dophou nie, gaan die Pinksters ook 'n ongeluk maak, as hulle net nie op julle tone bly, om dop te hou nie. Julle sien, julle kyk altyd terug, verwys na wat iemand anders destyds gedoen het. Wanneer ons . . .

45 Wanneer, ons beveel is om vorentoe te kyk, te bly voortgaan. Hulle—hulle profesie het gebeur in hulle dae, hierdie gebeur in hierdie dag, en die volgende gebeur in die volgende dag. Dit is toebedeel, aan die endtyd. En daar is dinge wat veronderstel is om nou aan te gaan, volgens die Skrif, die Heilige Gees op aarde, uitgestort op die mense.

46 Nou, toe Jesus gekom het, moes daardie Skrifgeleerdes ensovoorts Hom herken het, maar hulle het nie, want hulle was so vas in hulle tradisies. Fariseërs, Sadduseërs, Herodiane, wat ook al, hulle was in daardie tradisie, so vas, totdat die einste profesie van Christus Self, wat Hy veronderstel was om te wees, hulle dit nie gesien het nie. Hy het vir hulle gesê, gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Dié wat van My getuig."

Hulle het gesê: "Ons is Moses se dissipels."

47 Hy het gesê: "As julle Moses se dissipels was, sou julle My geken het, want Moses het van My geskryf. 'Die Here julle God sal 'n profeet soos ek oprig.'"

48 Hulle het aanspraak gemaak om te wees, maar hulle was nie, want hulle was so vas in tradisie. Nou, dis hoe hulle Hom nie gesien het in daardie dag waarin hulle gelewe het nie. Nou, dit kan herhaal, julle weet. Dit het altyd, en dit kan weer herhaal.

49 Nou laat ons net teruggaan vir 'n paar minute. En die enigste manier wat ons kan uitvind wat Hy is . . .

50 Nou, vandag, as ons die gewone persoon neem, wat Christus behoort te wees, ons . . . Party van hulle stel Hom voor as 'n historiese, groot iets. Party bring Hom af na net 'n gewone man. En party bring Hom na 'n filosoof, 'n profete, of—of iets, so-iets, 'n goeie man, 'n leraar.

51 Maar Hy, wat Hy ook al was, is Hy steeds, volgens die Skrif. Sien? Nou as ons dorp toe gaan, om Hom te vind, en gaan—gaan rondkyk, om te sien of . . . Nou, onthou, Sy belofte is dat Hy met ons is.

52 Nou as ons gegaan het om 'n sekere man te vind by 'n . . . ons sou sê . . . Ek sou sê, miskien: "Sal ses voet lank wees." En jy sou sê: "Nee, dit sou sewe-en-'n—half wees." 'n Ander een sê: "Nee, dit was net vier voet; Hy was 'n klein kêreltjie." Sien, ons sal heeltemal deurmekaar wees.

53 Wel, hulle sou sê: "Miskien sal Hy spykermerke in Sy hand hê." Net enige skynheilige kan spykermerke in hulle hand hê, en doringmerke. En, in elk geval, Jesus sit aan die regterhand van die Majesteit Omhoog. Maar hoe sou ons ooit weet wie Hy was?

54 Hulle het Hom nie toe geken as gevolg van Sy kleredrag nie. Want, Hy het reg onder die mense gewandel, selfs na Sy opstanding. En hulle waarmee Hy sou saamloop, en hulle het Hom steeds nie geken nie. Sien? Dit was nie Sy kleredrag nie. Hy het net aangetrek soos enigiemand anders. Dit was nie Sy kleredrag nie. Dit was nie Sy manier nie. Dit was nie Sy organisasie nie. Dit was nie Sy gemeenskapskaart wat Hy gedra het nie, want Hy het geen gehad nie. Om die waarheid te sê, Hy het daarvan verskil, so dit was nie dit nie.

Hulle het gesê: "Ons weet nie waarvandaan Hy kom nie."

55 En die blinde man het gesê: "Dis 'n vreemde ding. Jy's 'n leier van vandag, en Hy het my oë oopgemaak, en tog weet julle nie waarvandaan Hy kom nie." Hy het 'n bietjie goeie teologie van sy eie gehad. Sien? Hy het gesê: "Julle weet nie wat hierdie man gedoen het nie, die dinge wat Hy gedoen het nie, en tog is julle veronderstel om die leiers van die dag nou te wees." Maar die treurige deel, omtrent hulle, hulle oë was verblind. Dit was veronderstel om so te wees.

56 Het julle geweet die kerk is veronderstel om te wees, in die laaste dae, ook? "Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, wat 'n gedaante van godsaligheid besit en die Krag Daarvan verloën. Van . . ." Dis dieselfde profesie, dieselfde ding. Dit is beslis. In die Laodicése kerkeeu, was Jesus aan die buitekant van die kerk, om te probeer inkom, aan die klop aan die deur. Die enigste eeu wat Hy ooit uit 'n kerk gesit is, is in die Laodicése eeu, waarin ons nou lewe. So ons sien ons is weer reguit terug waar ons begin het.

57 Nou, die enigste ware manier om uit te vind wat Hy was, of wat Hy is, is om uit te vind wat Hy was, nou, want Hy sal dieselfde wees. Nou laat ons net teruggaan en 'n paar dinge ophaal wat Hy gedoen het. Ons ken almal Sy maagdelike geboorte, en ons sal nie daarmee begin nie.

58 Maar ek het uit Johannes gelees. Laat ons teruggaan na Johannes, die 1ste hoofstuk, en net uitvind wat Hy was, en dan kan ons verstaan wat Hy—wat Hy nou is. Wat ook al Hy toe was, Hy's dieselfde ding nou. Goed. Nou vind ons hier uit, in die

begin, Hy was die Woord. "In die begin was die Woord." Dan is Hy steeds die Woord. Sien? Sien? Uh-huh. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Goed.

59 Dan, dis wat Hy toe was, Hy was die bevestigde belofte van God vir daardie eeu. Dis wat Hom die Woord gemaak het. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, Hy sou dieselfde ding vandag wees, weer die Woord. Sien? En Hy—Hy—Hy—Hy het vir hulle gesê om daarna te kyk. Dis wat Hy was. Hy was die Woord. Die Woord het vlees geword. Dis wat Hy was. Nou, toe Hy die Woord geword het, en God afgekom het in die vorm van die Heilige Gees, of die vorm van 'n duif, en op Hom gaan sit het, en gesê het: "Hierdie is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het."

60 Toe vind ons uit, Sy bediening het begin, gebede vir die siekes, genesing. Almal het van Hom gehou. Hy was goed, bekend as 'n goeie Kêrel. En toe, toe in hierdie eerste bediening, wat Hom geïdentifiseer het . . .

61 Onthou, die Jode het altyd geglo in Goddelike genesing. Hulle het 'n bad by die poort hier gehad, van Betésda—Betésda, by die poort, 'n pragtige poort. Die mense het daar gelê, menigtes van—van swak mense wat lam was, kreupel, blind, en het in die waters ingegaan vir genesing.

62 God het altyd 'n weg vir genesing gemaak, so Sy genesing was nie presies wat hulle aandag op Hom gevestig het nie. Daar was iets meer wat sy aandag getrek het.

63 Nou vind ons uit dat as . . . wat Hy veronderstel was om te wees, Moses het gesê wat Hy sou wees, en al die profete het van Hom gepraat, nou moet Hy daardeur geïdentifiseer word.

64 Nou hier is wat Hy is, die Woord. Nou, Hebreërs, die 4de hoofstuk, sê dat: "Die Woord van God is kragtiger as 'n tweesnydende swaard. Dit is, sny tot die murg van die been, en is 'n onderskeier van die gedagtes in die hart." Dis wat die Woord is.

65 Nou, sien, toe die Woord gekom het na die profete, is hulle geïdentifiseer deur hulle profesie. God het gesê: "As daar een onder julle is, wat geestelik of 'n profeet is, sal Ek die Here met hom praat in visioene, en aan . . . en hom drome wys ensovoorts." Met ander woorde, "drome uitlê," soos Josef en hulle het. En dit sal sy getuigskrifte wees. En dit was dan die getuigskrifte wat hy gehad het, die geïnspireerde Woord, deur openbaring, sien, die Woord wat vervul moet word. Sy profesie het hom geïdentifiseer as 'n profeet: "En die Woord kom na die profeet."

66 So toe Jesus op die toneel kom, het die Bybel gesê Hy moes 'n Profeet wees. Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek oprig." En Israel het altyd hulle profete geglo, want dit was God wat Homself in mense geïdentifiseer

het, altyd. Enige Bybelstudent weet dit. Dis hoe Hy Homself geïdentifiseer het, was in Sy profete. Hulle was net gewone manne. Natuurlik, hulle is gebore vir daardie doel.

67 Soos ons weet, daar is plaaslike gawes, van neges gawes in die kerk. Maar daar is ampte van die Kerk, en dit, God, dis voorbestem, of voorbeskik: "God het geplaas in die Kerk: apostels, dan profete, en leraars, pastore, evangeliste," ensovoorts, dis God se gawes wat in die Kerk geplaas is. Dan is daar nege geestelike gawes wat werksaam is in die plaaslike liggaam, en van gelowiges, en hulle moet nagegaan word deur twee of drie beoordelaars voordat hulle in die kerk gegee word, want partymaal kan hulle verkeerd wees.

68 Maar let op na hierdie profete, soos hulle gebore is, soos in. . .Ek glo, in Jeremia hier, het God gesê; "Voor jy selfs verwek is in jou moeder se skoot, het Ek jou 'n profeet verordineer oor die volke." Julle sien? Moses was 'n profeet gebore. En Johannes die Doper, sewehonderd-en-twaalf jaar voordat hy gebore is: "hy was die stem van een roepende in die woestyn," Jesaja die profeet wat van hom gepraat het. Sien, dis nie. . .Hierdie gawes is gebore gawes, God wat hulle in die Kerk plaas.

69 En, nou, en gedurende die eerste koms van ons Here, was daar nie 'n profeet op aarde vir vierhonderd jaar nie. Maleági was die laaste profeet, en hy het gepraat van die koms van Johannes. In die 3de hoofstuk van Matthéüs, wat Jesaja—Jesaja sou wees, die profeet, van hom gepraat. En dan, ook, dan het Maleági gepraat en gesê Elía sou verskyn op die toneel, een wat Christus voorafgaan. "Ek sal My boodskapper voor My aangesig stuur, om die weg voor te berei," soos Hy gesê het in Matthéüs 11, Johannes geïdentifiseer het.

70 En die vreemde ding nou, toe Jesus begin spreek, en Homself geïdentifiseer het, laat ons nou kyk hoe Hy dit gedoen het. As Hy nie Skriftuurlik is in wat Hy gedoen het nie, dan was Hy nie Messias nie. Hy moes kom volgens die Skrif.

71 Nou daar was 'n man met die naam van Andreas, wat Johannes se herlewing bygewoon het, wat Johannes gesê het Hy sou kom. Hy is. . .Johannes was so seker van Sy koms, hy het gesê: "Hy staan reg onder julle nou," want hy het geweet dat hy daardie Messias moes aankondig.

72 Nou, hy het nooit weggegaan na 'n kweekskool toe, om te leer wat die Messias sou wees nie. Hy het in die woestyn ingegaan, en was daarbuite by homself, en het uitgekom. Want, hy was. . .moes nie deur die mens opgelei gewees het nie. Hy moes deur God opgelei gewees het. Want, nou, sy vader was 'n priester, en dit was gebruiklik dat die seun die—die vader se dinge gevolg het en sy opleiding, ensovoorts. Maar Johannes se dinge was te groot, te belangrik.

73 Wel, baie van daardie mense, het gesê: "Nou, jy weet Broer *So-en-so* hier, hy voldoen aan die—die kwalifikasies."

74 Maar Johannes het in die woestyn uitgegaan, en, totdat, hy by God was totdat hy definitief geweet het wat die teken van die Messias sou wees. Toe Hy gekom het, het hy gesê: "Ek het Hom nie geken nie, maar Hy wat gesê het: 'Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal, en vertoef, Hy is die Een wat gaan doop met die Heilige Gees en Vuur.'" Sien? Hy't geweet en was definitief seker dat dit Hy was.

75 Nou, Andreas, het probeer om sy broer, Simon te kry. Hulle was vissermanne, en hulle het probeer om sy broer te kry om na die diens te kom.

76 Nou, ek het 'n tyd gelede 'n storie gelees oor hulle lewe. Hulle was groot gelowiges in die orde van die Fariseërs. En hy het gehad 'n—'n. . . Sy pa, pa se naam was Jona, en hy was 'n—hy was ook 'n groot visserman. En, baiekeer, moes hulle God vertrou vir wat hulle gekry het om te eet, hulle vis, om die skuld af te betaal, en—en kos te kry. En ek het gelees, eendag waar die ou vader Simon geneem het en hom by hom laat sit het en hy en Andreas, en hy het gesê: "Seuns, ek het altyd geglo ek sou lewe om die komende Messias te sien, waarna ons gesoek het, al hierdie jare. En nou, seuns, voor die Messias kom, sal ek—ek miskien weg wees, want ek is oud. Maar ek wil nie hê julle seuns moet mislei word nie. Nou daar sal alle soorte van dinge opstaan voor Hy kom."

77 Dit moet altyd so wees, julle weet, om soort van die—die—die regte ding teen te werk wanneer dit daar kom. Julle sien, Satan is altyd daarbuite. Net soos voor Jesus gekom het, hulle gesê het daar was ander Jesusse wat opgestaan het en groepe uitgeneem het in die woestyn, en omgekom het, ensovoorts.

78 Maar hy het gesê: "Seuns, onthou, hierdie Messias sal Skriftuurlik geïdentifiseer wees." O, hoe hy mense vandag behoort te leer! Sien? "Die Messias sal geïdentifiseer word deur die Skrif, want Moses het gesê die Here ons God sal 'n Profeet soos hy oprig. En Moses is ons leier, en ons kyk. Nou, dit was honderde jare, dat ons geen profeet gehad het nie, maar Moses het gesê daardie Een sou kom. En, sonder twyfel dat hierdie skakel hier sonder 'n profeet was om te identi-. . . identifiseer dat wanneer dit wel kom, Hy sal voldoen aan die kwalifikasies van daardie profeet." Ons almal ken daardie Skrif.

79 Nou vind ons uit dat, later, dat Jesus nog geen teken gewys het nie. Eendag, het Simon nadergekom in Sy Teenwoordigheid, miskien net 'n bietjie skepties, van Andreas se getuienis, want hy't dit alles gehoor wat met hierdie wilde man gebeur het, mense verdrink het onder in die rivier, en met dope, ensovoorts. En hy kon dit nie aanvaar nie, want daar het allerhande dinge gebeur deur Palestina, op daardie tyd.

80 Maar, eendag, het Simon in die Teenwoordigheid van die Here Jesus gekom. Nou kom ons kyk wat Hy gister was, aan daardie uitverkore saad, daardie Simon wat verordineer was tot hierdie plek, daardie saad. Daardie soort . . .

81 In die begin, was God nie eens God nie. Hy was die groot Ewige, en daarbinne was eienskappe. Eienskappe was Sy gedagtes. En toe het Hy 'n Woord geword, soos hierdie. En 'n woord uitgespreek . . . Wel, 'n uitgespreekte gedagte, is 'n woord. 'n Woord, uitgespreek, is 'n gedagte.

82 En toe, onthou, as jy ooit in God se denke was, sal jy altyd daar wees. As jy Ewige Lewe het, is jy die uitdrukking, of die eienskap, van Sy gedagte vir hierdie eeu. Indien nie, jy . . . Daar is net een Ewige Lewe, en Dit het altyd bestaan. En jy, in Sy gedagte, het bestaan voordat daar 'n wêreld was. Dis hoekom Hy gesê het Hy het jou gekies "voor die grondlegging van die wêreld." Dit is nie wat ons dink, wat iemand anders dink nie. Dis wat God Ewig! Jy was altyd, sien, in Sy denke.

83 Dit was in Hom om mens te wees, dis waarom Christus die uitgedrukte gelykenis was. Sien? Nou, Hy moes Vader wees, Hy moes Seun wees, Hy moes Verlosser wees, Hy moes geneser wees. Daar was niks, daar was nie eens 'n Engel, of niks nie. Toe, het Hy Engele geskep, toe het Hy God geword, Hy is aanbid. Dan is hierdie die manifestasies van Sy denke.

84 Daar is niks verkeerd nie. Alles gaan reg uitwerk. Moenie bang wees nie. God se groot uurwerk tik reguit aan. Dit sal daar wees, Dit sal 'n Kerk hê sonder vlek of rimpel. Dit was in Sy denke. Die ding daaromtrent is, is ek Daarin, is jy Daarin?

85 En hier was Hy, die Ewige gedagte van God, uitgedruk in Seunskap. O, goeiste! Daar was God, Emmanuel, toe. Let op, toe, Hy was die Woord. Nou hier . . .

86 Maak ek julle doof? Ek bedoel nie om op julle te skree nie. Partymaal preek ons in groot ooptes en plekke, en ek bedoel nie om te hard te raak nie. Nou laat die . . . wie dit ook al beheer, dit soort van vir my afdraai, as hulle sal, as dit te hard raak.

87 Nou let op, hierin, toe Jesus gekom het, hier kom Simon op, wat opstap voor Hom. En so gou as wat Jesus Sy oë op hom laat rus het, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona."

88 O, het dit daardie visserman se hart aan die brand gesteek! Hy kon nie eens sy eie naam skryf nie, hy het geen geleerdheid gehad nie, maar hy het geweet dit was die Woord, omdat dit die gedagtes onderskei het wat in sy hart was. Daar was die Messias. Hoewel die Bybel gesê het hy was beide onkundig en ongeleerd, maar hy het die hoof van die kerk by Jerusalem geword.

89 Hy het aan Sy voete neergeval. Hy het geweet dat dit was. Hy het nie net geweet wie hy was nie, Hy het daardie goddelike

ou vader van hom geken, wat heengegaan het. Sien? Dit het gewys dat Hy die Woord was. Die Woord onderskei die gedagte wat in hulle harte is. Dis presies wat. . .Jesus het na hulle gekyk en hulle gedagtes onderskei. Sien? En, dit, die Bybel het gesê dat: "Die Woord van God is 'n onderskeier van gedagtes en oorlegginge van die hart."

90 Dit het hom die Woord gemaak, toe, daardie Meester—Profeet, daardie God—Profeet, meer as 'n profeet; Hy, al die profete was, plus die res van God. Sien? Hy was Emmanuel, God verteenwoordig in volheid, in die Seun Christus Jesus. Nou vind ons, God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen.

91 Nou, as ons oplet, toe was Petrus oortuig dat daardie goddelike ou vader van hom hom geleer het, en hier was die Skriftuurlike bewys dat dit die Messias was.

92 Dit was Hy gister, dis Hy vandag. Hoe sou Hy Homself meer identifiseer?

93 Nou Hy's 'n. . .Hy het nie Homself geïdentifiseer as 'n groot doktor, Ph.D., LL. nie. Sien? Hy het nie Homself geïdentifiseer as 'n priester nie? Die Woord van God het Hom geïdentifiseer. Die Woord wat deur Hom gespreek het, het Hom geïdentifiseer. Sien? Dis hoe hulle geweet het wat, Wie Hy was.

94 Nou daar het een daar gestaan, met die naam van Filippus. En Filippus het Bybelstudies gehou, Skriftuurlik, met die boekrolle, saam met 'n kêrel genaamd Natánael. En toe hy dit sien gebeur, het dit sy hart so aan die brand gesteek, totdat hy dit nie meer kon verduur nie. Hy het geweet die Ding was daar. Hy was net 'n gewone Man, maar hulle het geweet dat dit die Messias was.

95 So hy het om die heuwel gehardloop, dit was omtrent vyftien myl, as jy sou meet waar hy gepreek het, moes een dag gegaan het en die volgende teruggekom het. En hy het na hierdie kêrel toe gegaan, het saam met hom studeer, in die Skrif; baie getroue, eerlike man. Julle het hulle hierrond, manne wat het, hulle hele lewe insit in die bestudering van die Woord. So hy het die Woord bestudeer. En Filippus het na hom toe gegaan, en miskien aan die deur geklop. En-en-en Natánael se vrou het gesê: "Wel, hy het net uitgestap deur die olyfboord daar." Hy kweek olywe.

96 So hy het gegaan, teruggehardloop om hom te sien, en hy het hom op sy knieë gevind, onder een van die bome, aan die bid. Nou 'n Christenheer gee altyd, betoon hoflikheid, so hy—hy het gewag totdat hy klaar gebid het.

97 Hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons gekry het, Jesus van Násaret, die Seun van Josef."

98 En toe het hierdie getroue, goeie Hebreër, genaamd Natánael, gesê: "Nou wag 'n oomblik, Filippus. Het—het jy aan die diepkant afgegaan? Nou kan daar . . . Waar het jy gesê? Wat het jy gesê is hierdie Man se naam?"

"Jesus van Násaret."

99 Hy het gesê: "Nou kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

100 En ek dink Filippus het vir hom die beste antwoord gegee wat enige man 'n ander kan gee. Hy het gesê: "Kom kyk."

101 Moenie by die huis bly en kritiseer nie. Kom, vind uit. Ondersoek die Skrif. Kom kyk!

102 Wel, miskien, langs die pad, het hy hom begin vertel. Gesê: "Nou, jy weet ons weet, jy weet, uit die Skrif, dat hierdie Messias 'n profeet gaan wees, want Moses het gesê Hy was. En hierdie Man . . . Jy onthou die ou visserman wat nie sy naam op die kwitansie kon teken, toe jy die vis gekoop het nie?"

"Ja."

103 "Wel, Hy het vir hom gesê wie hy was." O, ek kan my voorstel Filippus wat sê . . .

"Nou wag 'n oomblik," of, Natánael: "ek—ek moet dit sien, eers."

104 Toe hy uiteindelik gekom het by waar Hy was, het hy nadergekom saam met Filippus. Filippus het hom nadergebring net soos iemand jou gebring het, opgekom in Sy Teenwoordigheid, na die diens waar Jesus gepreek het. En hy het na Hom gekyk, Hy was net 'n gewone Man, aangetrek soos enige ander man. Hy het glad nie anders gelyk nie. En hy het geen doekies omgedraai nie. Hy's altyd net 'n eenvoudige mens.

105 En Hy het partymaal in raaisels gepraat met hulle, dat hulle dit nie kon verstaan nie; selfs Sy dissipels. Dit het nie hulle geloof gepla nie. Sien, hulle het Hom geglo.

106 Let op, eenkeer, het 'n groot menigte om Hom vergader, duisende. "Hy was 'n groot Kêrel! O, hierdie profeet van Galiléa, groot Kêrel!" Hy het na elke kerk toe gegaan; almal wou Hom hê. Maar eendag, het Hy doktrine vir hulle begin preek, en toe het dit die ding 'n bietjie verander, julle sien. Hy was nie so gewild van toe af nie, julle sien. Maar die teken het die Stem vergesel.

107 Nou vind ons uit, dat toe Filippus naderkom na waar Hy was, en hy en Natánael. Jesus het omgedraai en na Natánael gekyk en gesê: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

108 Nou jy sê: "Miskien hoe hy aangetrek was." Hulle het almal dieselfde aangetrek. Sien?

"En 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

109 Nou dit, amper, het hom so erg geskok dat hy nie geweet het wat om te doen nie. Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my

ooit geken? Wel, U het my nooit gesien nie. Hierdie is die eerste keer wat ons ooit ontmoet. En hulle sê vir my U het daaronder gewoon by Betánië, en—en hoe—hoe het U my ooit geken?"

110 Wel, hy het gedink, wanneer die Messias kom, dat—dat: "God een of ander soort hefboom sou neem en dit trek, en die gange van die Hemel sou neerdaal op die...op hulle groot denominasionele trappe daarbuite, en sê: 'Kajafas, Ek stuur My Messias nou af na julle.' Hy sou sê: 'Ek het gearriveer.' En die Engele sou kom sê: 'Dit is Hy.'"

111 Sien, dis waarom Hy dit doen. Dan gaan dit regoor daardie mense se kop, wat slaap, en hulle weet nooit wat plaasvind nie. Sien? Let op, daar was Hy. Hy het daar gestaan.

Hy het gesê: "Wanneer het U my geken, Rabbi?"

112 Hy het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." O, goeiste! Watter oë!

113 Hy sien jou nou. Hy ken jou nou. Hy's net dieselfde, gister, vandag, en vir altyd.

114 Watter oë! Vyftien myl, die dag tevore, om die berge: "Ek het jou gesien toe jy onder die boom was."

115 Wat het hy gedoen? Hy het nadergehardloop en neergeval, en gesê: "U is...Rabbi, U is die Koning van Israel! U is die Seun van God!" Hy het dit geglo. Waarom? Hy was deeglik geïdentifiseer dat Hy die Woord was. Want Hy kon die gedagtes wat in die hart was, onderskei. Ja. Daar was Hy, wat daar gestaan het.

116 Nou daar was diegene wat daar gestaan het, wat dit nie geglo het nie. Nee. Baie van hulle het dit nie geglo nie. Daar was party van die priesters en dinge wat daar gestaan het, hulle het gesê: "Hierdie Man is Beëlsebub." Hulle... Die—die—die ding was gedoen, die Skrif was geïdentifiseer, en toe moes die—die—die geestelikes van daardie dag 'n antwoord gee aan hulle gemeente. En hulle kon dit op geen—geen ander manier antwoord, behalwe óf te sê Hy is óf Hy is nie, so hulle het gesê: "Hierdie Man doen dit deur Beëlsebub." Met ander woorde: "Hy's 'n fortuinverteller, 'n bose gees." Enigiemand weet dat 'n fortuinverteller 'n duiwel is. So hy het gesê: "Hierdie Man doen hierdie boosheid deur Beëlsebub."

117 En Jesus het gesê: "Nou, Ek sal jou daarvoor vergewe," die offer is nog nie gebring nie, die versoening is nog nie gemaak nie. Maar Hy het gesê: "Wanneer die Heilige Gees kom, om dit te doen, een woord Daarteen sal nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie." So julle sien waar dit ons vandag sit.

118 Nou, hierdie was nogal 'n ding, en, maar Filippus en Natánael het dit geglo met hulle hele hart. Nou dit was hoe Jesus Homself geïdentifiseer het, gister, as Messias. Nou, ons weet almal . . . Net 'n paar minute nou.

119 Ons weet almal daar is net drie rasse mense in die wêreld, en dis Noag se seuns, Gam, Sem, en—en Jafet; sien, en dis Jood, Heiden, en Samaritaan. Nou ons, as Heidene, ons was Heidene, Romeine en wat ook al, in daardie dae, die Anglo-Sakse, en ons het afgode aanbid. Maar die Jode het gesoek na 'n Messias. En die Samaritane het gesoek na 'n—'n—'n Messias.

120 Nou, Jesus het gesê, toe Hy op Sy pad af was na Jerigo, reg af onder die heuwel van Jerusalem. "Ek moet na Samaria toe gaan." So Hy het opgegaan daar, na Samaria, en gaan sit by die poort, by die put. Daar's . . . Dit is steeds net soos dit toe was. Hulle het glad nie verander nie. Daar is die ou panorama soos dit hier is, en die ranke groei in die rotsmuur. En—en Hy het net gaan sit, en Sy dissipels in hierdie stadjie ingestuur, naamlik Sigar, om 'n paar lewensmiddele, voedsel te kry.

121 En terwyl hulle weg was, het 'n berugte vrou . . . Miskien, soos ek gesê het, die jong dame mag op die straat uitgestuur gewees het, nie jeugmisdaad nie, miskien ouermisdaad. Hulle het haar uitgelaat op die straat, en miskien 'n mooi jongvrou, en sy het kwaad gedoen.

122 En sy kom daarnatoe om water te kry, want sy kon nie saam met die maagde kom nie, hulle sou nie . . . goeie, eerbare vroue. Hulle kon dit nie doen nie. Hulle sou eerste hulle s'n kry. Dan—dan die res van hulle, prostitute en dinge, het gekom in die dag. Maagde kry hulle . . .

123 Wel, hoe ek gesien het hulle sit daardie groot vyfgelling ketel bo—op hulle kop, daardie groot kruik, en een op elke skouer, en stap aan, aan die praat, soos vroue kan, en mors nooit 'n druppel daarvan nie. Ek weet nie hoe hulle dit doen nie, maar hulle doen dit beslis.

124 Maar hulle, daardeur, en toe het sy gekom om haar water vir die dag te kry. Die res van hulle was weg; moes rondom middag gewees het. En sy het die handvatsels geneem en dit ingesit vir 'n slinger, om dit te laat sak, om te kry die . . .

125 Sien, dis net soort van soos 'n kruik. En dis—en dit het 'n—'n handvatsel om dit. En hulle sit daardie hake om daardie handvatsels, en, omdat dit swaar is, wanneer dit onder kom, keer dit om. Dan hys hulle die water op. Net soos ons dit partymaal gedoen het hier in hierdie lande, ensovoorts, maar hulle het soos 'n trog wat ons laat sak.

126 Nou, ons—ons vind sy het begin om hierdie beker te laat sak in die put, en sy het 'n iemand hoor sê, gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink." En sy het omgekyk, sy het 'n middeljarige Man gesien wat daar sit.

127 Hy—Hy moes ’n bietjie ouer gelyk het as wat Hy was, want in Johannes 6 vind ons hier uit, dat, hulle by die fees, hulle gesê het. . . Hy het gesê wat Hy—wat Hy was. En hulle het gesê: “Wel, U sê U het Abraham gesien, en U is ’n Man nie meer as vyftig jaar oud nie?” Sien: “nie meer as,” sien, sien, Hy moes vyftig gelyk het toe Hy net dertig was. Gesê: “U, U is nie meer as vyftig jaar oud nie, en sê U het Abraham gesien?”

Hy het gesê: “Voor Abraham was, is Ek.” Sien?

128 So toe vind ons uit dat Hy ’n bietjie oud moes gelyk het, gesit het oorkant teen die kant van die muur.

129 Ons weet nie net hoe Hy gelyk het nie. Ek sal nie weet nie. ’n Sielkundige of sielkunde skilder vir ons ’n prentjie, maar Hofmann een en Sallman, en wat nog, maar dis net wat hulle dink daarvan. Sien? Ons weet nie net hoe Hy gelyk het nie.

130 En daar het Hy daar gesit, en toe het Hy dit gesê. En nou het Hy omgedraai na Hom, die vrou na Hom, vinnig, en laat Hom weet: “Hierdie is ’n segregasie.” Hy het gesê. . . ”Nou net ’n oomblik.” Gesê: “Nou, U is ’n Jood, en ek is ’n Sam-. . . ’n vrou van Samaria, en ons het niks met mekaar te doen nie.”

131 En gesê, Hy het gesê: “Maar as jy geweet het met wie jy praat, sou jy vir My gevra het vir water om te drink. Ek bring, gee jou Water, wat jy hoef te kom optrek nie.”

132 En, die gesprek, wat het Hy gedoen? Hy het probeer om haar gees te kontak nou, sien, om te kyk wat in haar was. Nou die Vader het Hom soontoe gestuur, net soos ek glo die Vader my hiernatoe gestuur het. Sien? Maar wat, ek weet nie. Sien? Maar daar was Hy, en Hy het met haar gepraat.

133 En sy het gesê: “O, U sê: ‘Aanbid by Jerusalem.’ Ons vaders het aanbid by hierdie berg.” En van die put, ensovoorts.

134 Hy het gesê: “Die tyd sal aanbreek, en is nou, en God soek na hulle wat in Gees en Waarheid aanbid.”

135 Die gesprek het voortgegaan totdat Hy gevind het wat haar probleem was. Hoeveel in my gemeente vanaand, weet wat haar probleem was? Sekerlik, sy’t te veel mans gehad. So Hy het gesê. . . Hy het gesê: “Gaan kry jou man en kom hiernatoe.”

En sy het gesê: “Ek het nie ’n man nie.”

136 Hy het gesê: “Jy het die waarheid vertel. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy saamleef is nie joune nie.”

137 Nou kyk. Kyk na daardie opgeleide priesters, wat nie daardie gemanifesteerde Woord kon sien nie. Toe Hy dit gedoen het voor daardie priesters, het hulle gesê: “Hy is Beëlsebub.”

138 Kyk na hierdie vrou in haar staat, watter toestand sy in was, ’n ontugtige vrou, het ses mans gehad, en hier was sy hierbuite by die put. En daardie vrou in daardie staat, kyk, vinnig het sy

gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is. Ons het nie 'n profeet gehad vir honderde jare nie. Ek sien dat U 'n Profeet is. Ons soek na 'n Messias, en, wanneer hierdie Messias kom, is dit Sy merk. Hy gaan dit doen wanneer Hy kom. Amen. O, goeiste!

139 Daar het julle dit. Daardie vrou, in haar toestand, het meer van die Woord van God geweet as wat die helfte van die predikers in die land weet. Dis reg. Dis reg. Sy het gesê: "Ek weet, wanneer die Messias kom, wat Christus genoem word, wanneer Hy kom, is dit wat Hy gaan doen." As dit Hy gister was, is dit Hy vandag. Sien? Dis hoe Hy Homself geïdentifiseer het, beide aan die Jood en aan die Samaritaan. Sien? Let op, dit was Hy gister.

140 Sy het gesê: "Ek weet, wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, maar wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy, wat met jou praat."

141 In die stad het sy ingegaan, daardie waterkruik gelos, gesê: "Kom, sien 'n Man Wie vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?"

142 Dit was Sy identifikasie aan Sy Jode, en aan die Samaritaan; maar nie aan die Heiden nie, nie eenkeer aan 'n Heiden nie. Maar in Lukas, die 17de hoofstuk, het Hy gesê: "In die laaste dae, soos dit was in die dae van Sodom, wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word, soos dit was in die dae van Sodom." Nou, in die dae van Sodom nou. En ons sluit af. Let op, daar was . . .

143 Hou altyd dop, daar is altyd drie klasse mense, oral; een van hulle is gelowige, skyngelowige, en ongelowige. Hulle is oral. Hou dit dop.

144 Kyk hoe Jesus Lot se tyd geïdentifiseer het met Sy koms. Nou hou dop: "Soos dit was in die dae van Lot." Nou, watter soort nou? Hy het toe verwys. Hy het dieselfde Boek van Génesis gelees wat ons lees. Jesus het. "Dae van Noag," en, toe: "Soos die dae van Lot." Kyk terug en sien wat hulle gedoen het in die dae van Noag, en in die dae van Lot, want dis dieselfde Skrif.

145 Nou let ons op, in die dae van Lot, was daar 'n man wat uitgeroep is onder die mense. En hy het 'n groep saam met hom gehad, wat die Kerk, geestelik, voorstel. En daardie Kerk, geestelik, was Abraham se groep.

146 Toe het hy een daar ingehad, sy neef, wat hom verlaat het, met die naam van Lot, en afgegaan het en in Sodom gewoon het. En die sondes van Sodom het sy siel vertoorn; net, sy vrou wou hom nie toelaat om enigiets daaraan te doen nie. Sy het behoort aan al die klubs en dinge.

147 En daar is net soveel Lotte wat rondsit vandag, en weet dat die ding verkeerd is. Maar die vrouekerk waaraan hulle

behoort, as hulle enigiets daaromtrent sê, sou sy kaart wegneem; so dis 'n etekaartjie. So dan, vind ons uit, dat hierdie . . .

148 Nou wag. Abraham het gesoek na 'n beloofde seun, (dit reg?), 'n geestelike, beloofde seun. [Gemeente sê: Amen."—Red.]

149 Nou, en Lot was onder, klaar vergeet van die seun. Hy was net onder aan die lewe saam met sy vrou, en sy kinders, en almal onder in Sodom. Hy het die burgemeester van die stad geword, en hy was 'n groot kêrel. Sy vrou het aan al die klubs behoort. Hulle het baie goed aangegaan.

150 En let nou op na daardie toneel. Nou gee my net 'n minuut of twee langer, julle aandag, aandagtig. Kyk na die toneel. Die wêreld was nooit in daardie posisie, sedertdien, soos dit nou is nie, daardie perfekte toneel. Kyk hier, die uitgeroepte groep. Nou, daar was drie Engele wat na Abraham toe gekom het, en twee van hulle het afgegaan in Sodom. Een van hulle het gebly by Abraham, en die Een wat by Abraham gebly het . . .

151 Daardie twee het afgegaan in Sodom en bekering gepreek, en: "Kom hier uit! Kom daar uit," het hy gesê.

152 Maar die Een wat by Abraham gebly het, kyk hoe Hy Homself geïdentifiseer het aan Abraham. Nou onthou, Abraham was "Abram," 'n dag of twee tevore, en Sara was—was nie "Sara" nie. Nou is hy A-b-r-a-h-a-m, A-b-r-a-h-a-m, sewe letters. En sy is S-a-r-a [S-a-r-a-h— Eng.—Vert.] Vyf, genade, sien. Nie S-a-r-a-i nie, maar S-a-r-a, sien, Sara. En hou hierdie Een dop wat nou hier sit, die kalf eet, die melk van die koei drink, en botter, en mieliekoekies eet. Sit daar en eet, praat met Abraham, en Hy het gesê: "Abraham." Hoe het Hy geweet sy naam was Abraham? Die Woord. Hy was die Woord, het geweet. "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

153 Vroue in daardie dae het nie gemaak soos hulle nou maak nie, julle weet, moet in die man se sake wees, en alles, julle weet. Hulle het weggebly, julle weet, so hulle . . . So sy was in . . . Hy het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

154 En Hy het gesê: "Ek," nou dis 'n persoonlike voornaamwoord, nou: "Ek gaan jou besoek volgens die belofte." Dit was vyf-en-twintig jaar tevore gemaak. Sy is negentig, en hy is honderd. Daar is hy, sy kaalkop wat blink, sy wit wangbaarde wat afhang. Sy, 'n klein ou oumatjie met 'n kierietjie in haar hand, daar agter in die agterkant, 'n tjalietjie oor haar skouer. "Ek gaan jou besoek, en jy gaan daardie beloofde kind kry."

155 Kyk, en Sara het daarvoor gelag. Sy het gesê: "Hoe kan hierdie dinge wees? Ek is oud, en my heer," haar man: "is ook oud." Julle sien wat ek bedoel, gesinsverhouding was nie

vir jare en jare en jare nie. Wel, sy was negentig jaar oud, en hy was honderd. Haar baarmoeder was dood; sy lewensstroom was opgedroog en weg. Daar was geen begeerte meer nie. Gesê: "Ek, soos 'n jong vrou, plesier hê met my man, hy ook oud?" Wel, sy het gelag.

156 En die Engel, of die Boodskapper, die Man met Sy rug gedraai na die tent, het gesê: "Waarom het Sara dit gesê?" Sien? Wat was dit. Nou kyk. En toe, nadat die offer gemaak is, het Hy verdwyn.

157 Nou onthou, Abraham het daardie Man "Elohim" genoem. Hoeveel lesers weet dit? Julle weet dit. Dis reg. "Elohim," dis Almagtige God in die vorm van 'n mens. Hy was die Woord, want Hy kon die gedagtes onderskei. Sien?

158 God in vlees, waarvan getuig dit? Dat: "In die laaste dae," het Jesus gesê: "net voor. . .wanneer die Seun van die mens geopenbaar word aan Sy beloofde Kerk," die Kerk wat nie oorkant onder in Babilon is nie.

159 Ons het 'n Babilon kerk, julle weet dit, die denominasies. Hulle is in Babilon. En ons het 'n—'n Billy Graham en 'n Oral Roberts, en hulle daarbuite wat aan hulle slaan, ook. En onthou, enige van julle historici, daar was nooit 'n man, in die hele geskiedenis van die kerkeeue, wat ooit uitgegaan het in Babilon daarbuite, gepreek het, en sy naam wat eindig met h-a-m, tot nou nie; Billy G-r-a-h-a-m, wat ses is, nie sewe nie. Daar hou die boodskapper daar oorkant dop, wat bekering preek, en hulle oë verblind met die Evangelie.

160 En daar was Een aan die uitgeroeptes, uitverkore Kerk, wat die teken getoon het dat God in vlees was.

161 Jesus was God in vlees. En as Jesus in jou is, vanaand, is dit steeds God wat Homself manifesteer in die laaste dae, die Seun van die mens wat Homself openbaar in Sy Kerk, die menslike vlees, Homself bekend maak. Begryp julle dit? Sien? God, hier onder in Sy Kerk, wat Homself weer die Woord maak, die Seun van die mens geopenbaar in die laaste dae, soos dit was in die dae van Sodom.

162 Nou, onthou, as God die Jode en die Samaritane daardie teken gegee het, dat Hy die Woord was, die profeet waarvan Moses gepraat het, die Heidene. . .Nadat hulle vierduisend jaar gehad het om na Hom te soek, het ons tweeduisend jaar gehad om na Hom te soek, Hy moet Homself dieselfde manier identifiseer aan ons, soos Hy toe het, of Hy het dit verkeerd gedoen toe Hy Homself daardie keer gemanifesteer het. God moet dieselfde tyd optree, dieselfde manier elke keer, of Hy het die eerste keer verkeerd opgetree. As Hy 'n man gered het op grond van sy geloof. . .

163 Kyk, God verander nooit nie, vriende. Toe die mens verlore geraak het, in die Tuin van Eden, en hy gesoek het na genade,

het God ’n besluit gemaak hoe Hy die mens sou red. En Hy het hom gered deur die gestorte bloed van ’n onskuldige. Is dit reg? Hy het dit nooit verander nie. Ons het stede gebou, torings; ons het denominasionele, opvoedkundige stelsels gebou, en dit bly steeds dieselfde; ons het denominasies en allerhande dinge. Maar Hy red slegs deur die Bloed. Hy kan dit nie verander nie. God bly altyd getrou aan Sy stelsel, Sy Woord. Wat ook al Hy die eerste keer gedoen het, Hy moet dit weer doen, of Hy het verkeerd opgetree die eerste keer.

164 Daarom, wat ook al hierdie Woord van God belowe, dis wat dit moet wees. En Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy moet dieselfde doen. Hy moet dieselfde optree. Hy moet dieselfde wees, soos Hy belowe het Hy sou wees in Sy Kerk in die laaste dae.

165 En, onthou, dit was die laaste teken wat die Kerk gekry het voor die beloofde seun gekom het. Abraham het baie tekens en wonders gesien, maar dit was die laaste een, laaste besoek voor die beloofde seun gekom het. Is dit reg? Vind uit.

166 Nou, kerk, hou dop, soos dit was in daardie dag. Ons het allerhande tekens gehad, genesings, wonderwerke, praat in tale, profesieë; maar, onthou, ons moet ’n laaste teken hê net voor. . . Onthou, dit was ’n Heidenwêreld wat verbrand is. Dis wat dit hierdie keer gaan wees. Net voor die vuur, sal die Seun van die mens Homself openbaar. Ag, luister: “’n Klein tydjie, die wêreld sien My nie meer nie, maar tog sal julle My sien by die voleinding. Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld.” Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. “My here, ons wil Jesus graag sien.”

Laat ons ons hoofde buig.

167 Ons Hemelse Vader, daar word vir ons vertel in die Skrifte dat God Hom opgerig het op die derde dag. Daar word vir ons vertel in Johannes, die 14de hoofstuk, die 12de vers, dat Jesus gesê het: “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen. Selfs meer as hierdie sal hy doen, want Ek gaan na My Vader.”

168 Here Jesus, die ure raak donker en dof. Die kerk is verlore, buite in die woestyn, aan die ronddwaal, van die mense wat gaan van die een organisasie na die ander, van een denominasie na ’n ander.

169 Kom, in U beloofde Woord. Kom, Here Jesus, en kom in ons in, vanaand. Kom in elke hart in wat hier is. Kom in my hart in en my lewe. En mag U Uself identifiseer met ons geloof in U, vanaand, dat U opgestaan het uit die dood. U is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Mag ons U sien, Here, in hierdie groepie van arm mense. Soos ons almal hier vergader is, ons is hierbuite omdat ons soek na Lewe. Wat ’n groot ding, om te weet dat die opstanding en Lewe onder ons is,

Homself identifiseer, nie met een of ander mistieke iets nie, maar volgens die beloofde Woord. "Soos dit was in die dae van Noag, en soos die dae van Lot, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word."

170 Ek bid, Vader, dat U dit sal skenk, vanaand, dat, die mense hier wat siek en behoeftig is. En diegene wat siek is in die siel, diegene wat net aangesluit is by die kerk en niks weet van die ontvangs van die Heilige Gees nie, en Dit elke Woord met 'n "amen," wat in die Bybel is, sien beklemtoon. Die Bybel is 'n geheimsinnige Boek vir hulle. Hulle kan Dit nie verstaan nie. Mag hulle die Interpreteerder van die Woord ontvang, vanaand, wat niemand nodig het om Dit te interpreteer behalwe Hy nie, Dit werklik te maak aan hulle lewe. Skenk dit, Vader. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

171 Ek mag tien minute af wees, vanaand, vir lank neem. Vergewe my. Maar ons gaan net 'n paar van die gebedskaarte roep, hulle vir hulle laat bid.

172 Nou wil ek vir julle een ding vra, nou, moenie—moenie opstaan en rondbeweeg nie. Sal julle? Sit net stil. Behalwe, julle net—net iets, soos 'n klein kindjie, of iets, jy dit moet neem. Maar as julle net sal stilsit, net vir 'n paar minute, net.

173 En laat ons kyk of Hy sal kom, of Hy sal kom en Homself identifiseer vanaand. "My here, ons wil Jesus graag sien." En julle Sy Lewe kan sien lewe, reg, wat presies doen wat Hy toe gedoen het, want Hy sal dieselfde moet doen. Sien?

174 Hy het gesê: "Ek is die . . ." Wat? Wingerdstok. "Julle is die . . ." Wat? Lote. Wel, nou, hoe maak die . . . Die soort Lewe wat in die Wingerdstok is sal in die loot moet wees. Nou kyk, sê, hierbinne vandag . . .

175 Julle mense, kweek julle nie almal vrugte hieronder, sitrusvrugte en dinge nie? [Iemand sê: "Pruime."—Red.] Wat? ["Pruime."] Pruime. Goed. Julle kweek . . .

176 Kyk hier. As julle wingerdstok voortbring en 'n loot van daardie wingerdstok afbring, en watter vrug daardie wingerdstok ook al is, as daardie wingerdstok nog 'n loot gee, sal dit dieselfde ding wees.

177 Ek het gestaan by my vriend, 'n paar jaar gelede, buite in Arizona, Mnr. Sharrit. En hy het 'n sitrusboom daar gehad, ek dink dit het nege verskillende soorte vrugte daaraan gehad. En dit het suurlemoen, pomelo, nartjie, tangelo, lemoen gehad. Ek het gesê: "Watter soort boom is daardie?"

Gesê: "Dis 'n lemoenboom."

"Wel," ek het gesê: "wel, hoe het daardie daar ingekom?"

Hy het gesê: "Ek het hulle ingeënt."

178 "O," het ek gesê: "ek sien, Broer Sharrit." Ek het gesê. . . Ek dink Broer Sharrit was by my die laaste keer toe ek hier was. En so ek het gesê: "Wel, Broer Sharrit, nou, volgende jaar, sal hulle almal lemoene wees, en sal nie wees. . . "

179 "O, nee. Nee, nee. Huh—uh." Hy het gesê: "Die pomelo sal 'n pomelo voortbring. Die suurlemoen sal 'n suurlemoen voortbring."

"Wel," het ek gesê: "hoe werk dit?"

Hy het gesê: "Dis almal sitrus."

180 "O!" Ek het dit toe gesnap. Ek het gesê: "Dis reg." Ek het gesê: "Dank U, Here."

181 Sien, ons ent ons organisasies in hierdie Wingerdstok in, dit sal lewe deur die Wingerdstok, maar dit dra daardie soort vrugte wat dit is. Maar as daardie lemoenboom ooit weer nog 'n tak voortbring, sal dit lemoene dra. En as daardie Lewe van Jesus Christus af kom, en hulle het 'n Boek van Handelinge na daardie eerste Kerk geskryf, as sy nog een voortbring, sal dit nog 'n Boek van Handelinge daarna skryf, met dieselfde ding, want dit moet dieselfde wees. [Leë kol op band—Red.]

182 Het nie tyd om hulle almal te kry nie. So laat ons net, vinnig nou, terwyl ons nog 'n paar minute het, begin vanaf M een, twee, drie, vier, vyf. Steek julle hande op, julle wat het. . .

183 Wie het M een? Is dit hier? Gebedskaart M een? Is julle seker. . . O, M een, het jy gebedskaart nommer een? Wie het dit gehad? Die dame daar met nommer een, kom reguit hiernatoe. Is daardie—is hierdie waarnatoe julle hulle bring? Nommer een, kom hiernatoe, dame.

184 Nommer twee, wie het gebedskaart nommer twee? Net hier. Goed, kom reguit hiernatoe, meneer. Drie, steek jou hand op.

185 Nou hou hierdie mense op die draagbare dop, wanneer hulle kaarte geroep word, dra julle hulle hiernatoe, want ek dink nie enigeen van hulle kan loop nie, en die man daar in 'n rystoel. Goed.

186 Een, twee, drie. Gebedskaart drie? Goed, drie. Vier, vier, gebedskaart vier. Laat. . . Kyk nou na jou kaart, sommer gou. Vyf. Net daar, staan op. Gaan reguit hiernatoe, meneer. Ses, gebedskaart ses, ses. Sewe. Is—is. . . Praat hierdie mense Frans? Of, sewe, goed. Agt, agt. Kyk, dit mag iemand wees wat doof is, of iets. Agt, goed. Goed, nou hou hulle net dop. Hou dop, die plekaanwysers hou daardie kaart net daar dop. Agt, nege; nege, tien. Jy weet nooit waar jy is nie. Hulle word net almal deurmekaar gemaak en oral uitgegee, julle sien. Tien. Goed. Elf, elf. Het jy elf, gebedskaart elf? Goed, hier oorkant, elf.

187 Twaalf, gebedskaart twaalf. Is dit moont-. . . Praat hulle Frans? [’n Broer praat met Broer Branham—Red.] Wat, wat, huh? O. As ek jou ontmoet het. . . Jy praat Frans, praat jy, . . . ?. . . Twaalf.

188 Dertien. Hou dop, dit mag iemand wees wat doof is, julle sien; hulle kan nie hoor nie, hulle sit net daar, hou ’n kaart vas. Dertien. Veertien, veertien, gebedskaart veer-. . . veertien, veertien. Kyk na party, kyk na jou buurman, miskien hou hy ’n kaart vas, sit daar doof, julle weet, en hy kan niks hoor nie, dan as ons. . . dit slaan so terug. Veertien. Nou, die gebedskaarte is onomruilbaar, en hulle moet wees; die persoon moet hulle kaart kry en hulle kaart hou. Miskien het iemand uitgegaan.

189 Wel, vyftien. Wel, laat ons, ons sal stop. Wel, gaan voort. Jy het vyftien, gaan voort. Dis goed.

190 Nou laat ons net hier wag net ’n oomblik, dan, sien, terwyl ons gereed maak. Goed, nou, wees asseblief eerbiedig en sit stil, net ’n oomblik.

191 Nou, alles wat ek vanaand gesê het, hoeveel glo dis ’n belofte van die Skrif. [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dis reg. Nou, nou, is dit waar, is die volgende ding. Sien? Is dit waar? [“Amen.”] Wel, as dit waar is, dan is dit God se Woord, dan is Hy verplig tot Sy Woord, enige belofte. Glo julle dit? [“Amen.”] Nou as Hy Homself sal bekend maak op dieselfde manier wat Hy Homself bekend gemaak het aan beide Jood en Samaritaan, en gesê het Hy sou dit weer doen in die laaste dae vir die Heiden, sal julle glo? Steek julle hand op, sê: “Ek sal dit glo.” [“Ek sal dit glo. Amen.”] Nou daar is nou. . .

192 Hierdie mense hier, ek—ek reken nie hier is enigiemand hier wat my ken nie. Ek—ek het gedink ek het iemand hier gesien ’n rukkie gelede, wat ek geken het, maar ek—ek dink hulle is weg, iemand. Almal vreemd. . . Hoeveel daarbuite weet dat ek niks van jou weet nie. Steek julle hande op, oral, in die balkonne, waar julle ook al is. Sekerlik. Nou kyk, terwyl hulle hulle gereed kry daaronder.

193 Daar was ’n dametjie eenkeer, en laat ons sê sy het nie ’n gebedskaart gehad nie. Sy het iets beters gehad. Sy het geloof gehad, en sy het gesê: “Ek glo die Man. As ek net die soom van Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word.” Hoeveel weet dis Skrif; die vrou met die bloed. . . ? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Goed.

194 Nou laat ons nou dophou, hierdie, nog ’n Skrif, terwyl, totdat hulle vir my sê hulle is gereed.

195 Hierdie vrou het geen gebedskaart gehad nie, maar sy het geloof gehad. Sy het gesê. . . Sy het geen Skrif daarvoor gehad, soos julle het, vanaand nie. Maar, sy het geen Skrif gehad nie,

maar sy het gesê: "As ek Sy kleed kan aanraak! Ek glo die Man. Ek sal genees word." En sy het deur die skare geglip, en Sy kleed aangeraak.

196 Nou, het julle ooit 'n Palestynse kleed gesien? Dit swaai los, en dit het ook 'n onderste kleed. Nou, as jy aangeraak het sa-. . . my sak van my jas, sou ek dit nooit gevoel het nie. Sien? En Sy kleed het *so* ver uitgehang van Hom af.

197 Hy het nooit die fisiese aanraking gevoel nie. So, selfs Hy het dit bewys, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

198 En Petrus het gesê: "Wel, Here," met ander woorde: "U laat mense dink U—U is mal. Sien, moenie—moenie—moenie dit sê nie. Sien? Moenie dit doen nie, want almal raak U aan."

199 Hy het gesê: "Maar Ek het gemerk Ek word swak." Deug het Hom verlaat. Dis krag. "Ek het swak geword." En Hy het rondgekyk deur die gehoor, en Hy het die vrou gevind, vir haar gesê van haar bloedvloeïng, en gesê haar geloof het haar gesond gemaak. Hoeveel ken die storie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis waar.

200 Nou, nou predikers, broers hierbo. Die Bybel het gesê, dat: "Hy is die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Is dit reg? [Die predikers sê: "Amen."—Red.]

201 Hoeveel daarbuite glo dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

202 "Hy is die Hoë. . . sit aan die regterhand van God, vanaand, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hoe sou Hy dan optree as jy Hom aangeraak het? Hy sou op dieselfde manier optree as wat Hy toe het, as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

203 So, nou, glo julle, en bid julle, en vertrou julle, kyk wat God doen. Kyk of jy Sy kleed kan aanraak. Raak jy Hom aan, sê: "Here Jesus, ek weet daardie prediker ken my nie. Hy het niks van my geweet nie, maar U weet. So, Here, wanneer ek U aanraak, spreek U deur hom." Nou wat is dit?

204 'n Gawe is nie iets wat jy neem soos 'n—'n sekel, of 'n—of 'n mes, en gaan deur met daardie mes soos 'n gawe wat sny nie, dis nie 'n gawe van God nie. 'n Gawe van God is net. . . 'n Gawe van God is om te weet hoe om jouself te ontspan, jouself uit die pad te kry, sodat God kan inkom, jou gebruik. Dit is nie iets wat jy in jou hand het, waarmee jy rondsteek nie. Jy kry net jouself uit die pad, en laat die Heilige Gees jou gebruik. Nou, nou, is dit nie hoe julle mense maak wanneer julle met tale praat, julle Pinksters nie? Kry net jouself uit die pad.

205 Wel, dis dieselfde ding hier. Nou, en as Hy dit sal skenk, sal julle dit glo en aanvaar, weet dat Sy Teenwoordigheid hier is? Julle sal dan geen gebedskaart nodig hê nie.

206 Wat van die—die Regter van die Hemele en aarde, soos Abraham Hom genoem het: "Regter van Hemel en aarde, sou U verkeerd doen?" Sien? As Hy, in hierdie laaste dae, volgens Sy belofte nou. . .Deur die week, sal ons net Skrif daar bly ingooi, om julle te wys dis die Waarheid. En as Hy hier by ons is vanaand, so duidelik dat julle Sy werke kan sien en weet Hy's hier, as Sy beloofde Woord; nie een of ander mitiese iets nie, maar wat Sy Woord belowe het Hy sou wees; dan glo julle Hom.

207 Nou, ek weet nou nie. Partymaal, as die visioene kom, dan sal dit. . .Ek kan nie sê wat ek sê nie; so laat die—die mikrofoon, en wat ook al dit is, wie ook al daarop is, dit harder maak. Ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees, net 'n oomblik.

208 Nou is hierdie die—die dame? Nou, hier, dit is net so dat dit 'n vrou is, net waarvan ek gepraat het, Johannes 4, 'n vrou en 'n man ontmoet vir die eerste keer in die lewe. Ek's 'n totale vreemdeling, en ons is totale vreemdelinge vir mekaar. As dit reg is, net so steek jou hand op, daardie mense, sien, so ons het nooit mekaar in die lewe ontmoet nie. Daar staan die vrou, ek hier, net 'n volmaakte ding van ons. . .Jy is nie die vrou daar nie, en ek is nie die Here nie, maar dit—dis twee mense wat hier ontmoet, net 'n plekkie soos hulle ontmoet het, eerste keer in die lewe. Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, sou Hy miskien 'n oomblik met jou gepraat het, sien, soos Hy het met die vrou. Sien? Nou, die Vader. . .

209 Nou die dag, toe, onlangs toe Broer Borders hier was, het ons iets oor die seshonderd uitnodigings in die State hier gehad, behalwe oorsee. Hy't gesê: "Baton Rouge, Louisiana, daar is 'n groep manne daaronder."

210 Ek het gesê: "Gaan voort, dis reg, stel die diens daaronder op." Ek het gevoel om dit te doen. Hier is ek. Nou weet ek nie wat volgende nie. Ek is net hier. Dis al wat ek weet. Sien?

211 Nou hier is jy, 'n persoon. Ek preek die Woord, sê dat: "Hy's nie dood nie. Hy lewe." Hy lewe, en het belowe om Homself te identifiseer in ons vlees, menslike vlees, soos Hy het destyds. Sien? Alles wat God was, het Hy in Christus gestort; alles wat Christus was, het Hy in die Kerk uitgestort. Dis Hy, Christus in ons. Nou as die Here Jesus opgestaan het uit die dood. . .

212 En ek sou jou hiernatoe bring en hande op jou lê, en miskien soos party van ons evangeliste broers, wat dit net presies reg is, en hande op jou lê, sê: "Jou swakheid is weg. Die Here het jou genees." Dit sou reg wees. Jy kon gaan. Dis in die haak. Ek ondersteun dit, eenhonderd persent. Dis wat die Bybel gesê het.

213 Maar nou wat as Hy hier staan en vir jou iets sê wat jy gedoen het, of iets wat jy nie behoort te gedoen het nie? As Hy weet wat jy was, en vir jou sê wat jy was, en jy weet of dit waar is of nie, dan as Hy vir jou sê wat jou toekoms gaan

wees; as daardie reg is, gaan hierdie ook reg wees. Is dit reg? Dit maak Hom dit, julle sien. Nou ek sê dit net om jou gees te kontak. Sien, net soos Hy het met die vrou by die put: "Bring vir My water om te drink."

214 Nou daar is een ding waarna ek wil hê julle moet nou oplet. Hou die vrou dop, kyk hoe die uitdrukking verander op haar gesig, net nou. Sien? Sy is bewus dat iets aan die gang is. Hoeveel het ooit die foto van daardie Lig gesien? Sien, Dis reg op die vrou nou, sien. Sien? Sien? Sien? Sien, Dis. . .Sien Dit daar? Dis soort van 'n amber Lig, wat beweeg. Nou haar probleem is hierdie. . .

215 Nou as ek jou kon genees, sou ek dit doen, maar ek kan nie. Ek kan jou nie genees nie. God is die geneesheer; jou geloof in God.

216 Jy's verskriklik senuweeagtig. Jy ly aan 'n senuweetoestand, en dan het jy iets verkeerd met jou keel. Jy kan skaars praat, net meer as 'n fluister. Dis 'n skildklier. Dis reg. Nou glo jy? Nou net 'n oomblik, net sodat hulle nie sou dink ek het dit geraai nie, net 'n oomblik, sien. Ek, ja, ek sê dit sodat mense nie sou dink. . .Jy's 'n gawe persoon, en ek het 'n goeie kontak met die Heilige Gees, met jou, sien. So, nou, ja, jy is aanbeveel om op geopereer te word, maar jy het dit geweier. Dis presies reg. Jy verwag dat God. . .Ja, meneer.

217 Nog 'n ding, jy het 'n asmatoestand wat jou pla. Dis waar. Is dit nie? Nou, jy sien, Iets hier ken jou. Is dit nie reg nie? Glo jy dis Hy? Glo dit dan, en gaan van die platform af, en word gesond. En glo met jou hele hart. Amen. Glo julle nou met julle hele hart? "As jy kan glo!"

218 Aangename kennis, meneer. Ek's 'n vreemdeling vir jou, veronderstel ek. As ons. . .[Die broer sê: "Ek het jou eenkeer tevore ontmoet, by Baton Rouge."—Red.] Jy, jy het my ontmoet toe ek tevore hier was by Baton Rouge. Goeiste, dit was 'n hele ruk gelede, was dit nie? Ek reken dit was twaalf jaar, of meer, miskien langer, en miskien veertien jaar. Wel, ek sou nie weet wat, niks van jou nie, nie meer as wat jy in die diens was, of iets nie, maar God ken jou.

219 En dis 'n Lig, ek moet Dit dopgehou, sien waarnatoe Dit gaan, julle sien, na ander mense. Dit, Dit salf. Nou as die Here Jesus sou. . .Hier is ons. . .Ek—ek glo die laaste persoon was 'n—'n vrou. Nou is dit net soos 'n droom, julle sien, jy iets gedroom het.

220 Nou, nou jy is 'n man. En nou toe Jesus 'n man ontmoet het, Simon Petrus, toe Hy Homself geïdentifiseer het. Sy naam was Simon, toe. Hy het hom Petrus genoem. Gesê sy naam sou wees, daarna, Petrus genoem word. As die Here Jesus vir my sou sê wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienaar is, en glo dat Hy teenwoordig is?

221 Sal elke man hierbinne dieselfde ding glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Miskien is jy bekend hier, want jy's van die stad.

222 Ek sien iets, asof jy opgewonde is oor iets. Dis, ja, dit is, omdat dit 'n bloed is, iets verkeerd met bloed. Jy bloei in die maag. [Die broer sê: "Amen."—Red.] Dis presies reg. Dit maak 'n maagseer ook daarbinne. Sien? Nou, dis waar, is dit nie? ["Amen."]

Glo julle nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

223 Dis hoe ons Here dit sou gedoen het. Sou Hy nie? Dis Hy wat dit doen. Glo jy dit nie? [Die broer sê: "Amen."—Red.] Wat as. . .Jesus het vir Simon gesê wat sy naam was. Wat as God vir my kan sê wat jou naam is, sou jy my glo? ["Amen."] Goed, meneer. Lewis Carrie. ["Amen."] Dis presies reg. Gaan op jou pad. Amen. Hê geloof in God.

224 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

225 Nou ek's 'n vreemdeling vir jou, suster. Ek ken jou nie, ek het jou nooit gesien, in my lewe nie. Jy's net 'n vrou wat hier staan, jonger as ek, myle uitmekaar gebore, en jare uitmekaar. Maar Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo jy dit? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Glo jy dit—dit?

226 Nou, jy weet, om langs 'n man te staan, jou broer hier, sou jou nie so laat voel nie. Jy weet daar moet iets anders wees, in daardie Teenwoordigheid, baie soet, nederig, sagmoedig. Is dit nie reg nie? As dit reg is, sodat die gehoor sal weet, steek net jou hand op, sodat hulle kan sien. Sien, ek kyk reguit na haar, daardie Lig wat reg rondom haar sirkel.

227 Die dame staan hier vir iemand anders. Sy's nie hier vir haarself nie. Dis vir 'n dogter. [Leë kol op band—Red.] Dis reg. Jy glo die Here kan vir my sê wat. . .Jy beplan om daardie meisie na die diens te bring. Maar jy—jy glo God kan vir my sê wat haar probleem is? Sal jy glo en daardie sakdoek op haar plaas, en glo dat sy genees sal word? Dis in haar rug. Dis reg. Dis presies. Gaan, glo nou. Plaas dit op haar, sy sal gesond word. Goed, glo dit net.

228 Glo julle met julle hele hart? "As jy kan glo! Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

229 Aangename kennis. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. Ek ken jou nie, jy ken my nie, maar die Here ken ons albei, so as man en vrou wat die eerste keer ontmoet. Nou, ons Here het daardie een ding vir daardie vrou gesê, en die hele stad het geglo. Hulle het nie. . .Hy het dit nie meer gedoen nie. Hy het dit net een keer gedoen, en die hele stad het geglo.

230 Nou moenie—moenie bang wees nie. Daar is niks wat jou gaan pla nie. Dit gaan jou help, sien, want ek dink nie jy's 'n

kritikus, of jy . . . daardie vibrasie van wat . . . die Gees van die Here sou nie so ingekom het nie. Jy's 'n gelowige, so jy het geen rede om bang te wees oor enigiets nie.

231 Jy ly aan 'n—'n breuk. Dis presies reg. En glo jy dat die Here Jesus jou daarvan sal genees? Wat as ek vir jou iets anders sê wat verkeerd is met jou, sou dit jou sterk maak om te glo? Jy het 'n knop. As ek jou kan sê . . . Dis nie op jou wang nie. Dis op jou rug. As dit reg is, wuif. Goed, glo nou. Gaan, glo reg, en word gesond gemaak.

232 Glo julle nou, elkeen van julle, met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou dit behoort almal te laat besef julle is in die Teenwoordigheid van God. Goed.

233 Meneer, glo jy God kan daardie artritis genees en jou gesond maak? [Die broer sê: "Ja."—Red.] As jy glo, hou net aan loop, sê: "Dank U, Here Jesus."

234 Nou kom hiernatoe, dame. Ek sien jy probeer opstaan uit 'n bed, ook, baie stadig, ook artritis. As jy sal glo met jou hele hart, sal God jou gesond maak. Glo jy dit? Goed, hou net aan loop, sê: "Dank U, Here Jesus. Ek glo dit beslis, met my hele hart." Goed.

235 Kom, meneer. 'n Toestand van senuweeagtigheid, en dinge, en prostaat. En, artritis, ook; en lê dit op haar, glo met jou hele hart. Word gesond, ook. Nou hou net aan loop, glo God. En dit sal reg wees, as jy dit net kan glo. Goed.

236 Kom hiernatoe, dame. Glo jy dat ek Sy dienaar is? Jy glo. Glo jy God kan daardie hartprobleme genees wat jy het? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Wel, hou net aan loop, sê: "Dank U, Here. Ek dank U vir die genesing van my hartprobleem." Goed.

237 Kom, meneer. Glo jy wat jy sien die Waarheid is? Wat as ek vir jou gesê het daardie maagprobleem is genees, daaronder, en jy kan jou aandete eet? Sou jy dit glo? Goed. Gaan voort, eet jou aandete, jy gaan reg wees.

238 Jy moet . . . Jy's geskadu; kanker. Glo jy dat God jou sal gesond maak, en jou genees? Goed, hou net aan loop, sê: "Dank U, Here Jesus. Ek glo dit sal alles verby wees."

239 Ook, 'n senuweeagtige hart. Glo jy dat God dit sal genees en dit gesond maak? Hou net aan loop, sê: "Dank U, Here Jesus," en glo dit met jou hele hart.

240 Kom hiernatoe, dame. Kyk hierna. Jou hoofsaak . . . Jy het 'n paar dinge verkeerd met jou, 'n damesprobleem. Maar jou hoofsaak is die hartprobleem wat jou baie erg pla. Glo jy dat God dit sal genees en jou gesond maak? Bly net voortgaan, sê: "Dank U, Here Jesus. Ek glo met my hele hart." Goed.

241 Kom, meneer. Jy't twee of jou drie dinge wat verkeerd is met jou, komplikasies. Maar jou hoofsaak waarvoor jy wil hê

ek moet bid, of oor vra, is daardie artritis wat jy het. Kyk na die artritis. . . Hou net aan beweeg, glo, en jy sal nooit daardie stok hoef te neem nie. Amen. Glo dit met jou hele hart.

242 Jy het maagprobleme. Dit het veroorsaak, het jou vir 'n lang tyd gehad, dis 'n senuweetoestand wat 'n versweerde maag veroorsaak het. Jy drink enigiets, dis—soort van soos koffie of iets, dit word suur in jou mond en sulke goed. Gaan, glo nou, en dit sal jou nie meer pla nie. Jesus Christus sal jou gesond maak.

243 Kom, dame. Glo jy dat Jesus Christus. . . Net 'n oomblik. Net 'n oomblik.

244 Glo jy dat God daardie sinus genees, wat daar sit, en jou gesond maak van die sinus? Glo jy dit, met jou hele hart? Die dame wat daar sit met die geruite rok aan. Glo jy dat God jou sal genees en jou sal gesond maak daarvan? Jy het meer geloof gehad as wat jy gedink het jy het. Dis reg. Dis verby nou. Glo jy.

245 Wat dink jy? Glo jy dat God jou sal genees en jou sal gesond maak van daardie senuweetoestand, wat daar sit, daardie man? [Die broer sê: "Ja, meneer."—Red.] Jy glo, jy glo dit? Nou Wie het jy aangeraak? Hy het my nooit aangeraak nie. Jy het Hom aangeraak. Dis wat dit gedoen het. Amen.

246 Jy het neergeval in jou skoot, en jy het oogprobleme gehad. Jou oë raak so sleg, jy kan skaars rondbeweeg. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Glo dit, en jy kan dit kry. Amen. Ek daag jou uit om dit te glo.

247 Probleem, maagprobleem, het jou pas verlaat. Glo jy dit? Nou gaan op jou pad en juig, en sê: "Dank U, Here," word gesond gemaak.

248 Hierdie dametjie wat net hier sit, met die groen rok aan. Jy probeer iets aanraak. Jy bid. Glo jy God kan vir my sê waaroor jy bid? Raak ontslae van daardie galblaasprobleem, en jy dink jy sal reg wees? Die dame, soort van geset daar, met 'n rok aan, groot. Glo jy dat God jou sal genees van die galblaasprobleem, as jy kan glo? God sal dit vir jou gee, en jy kan gaan en gesond gemaak word. Amen.

249 Jy moet dit glo. Jy kan dit net doen soos jy glo. Hoeveel van julle wil met julle hele hart glo? [Gemeente juig—Red.]

250 Nou: "My here, ons wil Jesus graag sien." Hy het opgestaan uit die dood. Hy lewe vandag. Hy is hier in Sy Kerk, om te wys Sy Koms kom nader.

251 Die wêreld gaan verbrand word soos dit was in die dae van Sodom. Die atome het alreeds bymekaar gekom in—in vragte en dinge, om haar aan die brand te steek. En, maar voor dit gebeur, sal die beloofde Seun aankom, in Persoon, Jesus Christus, om Sy Kerk Huis toe te neem. Glo julle dit met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

252 Glo julle dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel glo nou dat Sy Teenwoordigheid hier is, en julle glo dat Hy hierdie stelling gemaak het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg; as hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word"? Steek op jou hand.

253 Nou lê julle hande op mekaar, waar die siek mense is, lê julle hande. Ja, ek is laat, ek is bevrees hulle sal my laat afsluit. Lê, sit julle hande, nou bid julle vir mekaar. Moenie vir julleself bid nie, bid vir die een waarop julle julle hande het. Nou Hy is hier om elkeen van julle te genees. Glo dit!

254 Hemelse Vader, ons glo nou met ons hele hart, dat in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, die Seun van God, dat die duiwel sy krag verloor het, sy invloed, en Jesus Christus nou lewe.

255 Kom uit, Satan! Mag hierdie mense gesond gemaak word, om die Koninkryk van God se ontwil.

My Heer, Ons Wil Jesus Graag Sien AFR64-0318
(Sir, We Would See Jesus)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 18 Maart 1964, by die Denham Springs Hoërskool, in Denham Springs, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
P.O. Box 178, Somerset West, 7129 Cape Province,
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org